

1 Augustus 2021

Graad 4 – 7 Kategese

OUPA ABIE GESELSBLAD

Efesiërs 4:1-16

wat wil jy vandag **bereik**?

God het klomp goed vir ons gedoen. Hy laat ons anders leef. (Efesiërs 1 tot 3 het 'n "daarom" wat in Efesiërs 4-6 verduidelik word.)

ons **storie**: waar is ons nou?)

Gee vir elkeen in die groep of gesin kans om iets te verduidelik. Elkeen moet die woord "daarom" soveel as moontlik gebruik. Dit kan iets ernstig wees, of speel-speel.

God se mense (die kerk) leef op 'n sekere manier. Hoekom?

Wat sal gebeur as God se mense dieselfde lewe as mense wat nie glo nie? Wat sal gebeur as alle gelowiges anders leef?

GOD se storie

wat sê die Bybel (daar en dan)

Lees Efes. 4:1-16 saam as 'n groep of familie. Kyk dan die Oupa Abie video wat gaan oor die teksgedeelte

nouts
praktiese wysheid...

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus



Nous volg drie hoofbewegings in ons kategese-benadering.

1. Ons eie storie

Die eerste gedeelte vra vrae oor ons huidige belewenisse en sienings oor 'n sekere tema.

2. God se storie

Die tweede gedeelte hanteer die teks van die week. Meesal gaan die Abie video daaroor.

Vrae oor die teks word gevra.


3. Ons nuwe storie

In die laaste fase gesels ons oor die betekenis van God se storie in ons lewens. Ons integreer wat ons gehoor het, by ons eie lewens.


Moontlike AKTIWITEIT vir voor of na die tyd

Ons val skielik binnein 'n reeks van Efesiërs. Lees deur Efesiërs 3:14-21 en tel hoeveel verskillende goed Paulus daar bid.

Kies een wat vir jou spesiaal is en skryf dit op 'n kaartjie vir iemand. Bid dit ook vir hom/haar.



gesels dan oor die volgende saam

 Hoe help Oupa Abie jou om oor die teks te dink?

 Kyk in watter vertalings julle die woordjie “daarom” kan vind. Gebruik gerus die Bible App van Youversion (gratis) of kyk by Bible.com.

 Blaai vinnig deur Efes. 1-3. Wat sê die opskrifte? Waaroor gaan dit alles? Blaai dan deur Efes. 4-6. Waaroor gaan dit hier? Hoekom is die woordjie “daarom” van 4:1 dan belangrik?

 Jesus is die rede vir ons “daarom”. Wat Jesus vir ons gedoen het, maak dat ons anders wil lewe. Wat sê Paulus in hierdie 16 verse: Hoe leef ons anders?

ons **nuwe storie** (verder en voor)

(Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons)


Watter teksvers in Efes. 4:1-16 praat vandag die meeste met jou?
Hoekom?


Hoekom verander dit wat Jesus gedoen het, ons gedrag?

Noem een ding wat Jesus vir jou gedoen het. Sê dan “daarom wil ek graag...” en voltooi die sin.

na die **erediens**

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

 Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

 Wat dink julle was die hoofgedagte?
Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Bid dat mense se harte só verander word, dat hulle gedrag dit sal wys. Bid ook daarvoor vir mekaar.

Bid dat mense Jesus se geskenk sal verstaan, sodat ons uit Jesus se liefde sal leef.

Id dat die kerk se optrede vir ander mense sal wys wat ons regtig glo.

